**15 Mei**

## Gegord op die oudag

**Skrifgedeelte: Johannes 21:13-25**
**Fokusgedeelte: Johannes 21:18**

Die woorde van ons Here Jesus Christus ontsluier die toekoms van sy dissipel. In die diens van sy Here is Petrus op sy oudag swaar gegord en gebring waar hy nie graag wil wees nie ….

- in die donker gevangenis in Rome, vanwaar hy na die kruis gelei sou word om daar sy lewe op die altaar te offer.

Petrus, ’n merkwaardige apostel wat sy Here vuriglik liefgehad het. Selfs al sou hy gewelddadig sterf, volgens oorlewering onderstebo aan ’n kruis, sou dit hom nie van die Here se liefde skei nie. En tog moes hy so ’n donker kruisweg bewandel op sy oudag. Getrou tot die dood het hy manmoedig op sy laaste skof vir sy Meester getuig en so die erekroon verwerf. Sy voorbeeld spreek vandag nog tot ons.

So gord die Here vandag nog sy getroue diensknegte self in die ouderdom. In sy groot liefde weet Hy wat die beste vir sy kinders is. God werk in ons deur sy Woord en sy Gees, maar Hy gebruik ook alle moontlike middele om sy doel in ons lewens te volbring. Hy gebruik soms voorspoed en geluk, maar heel dikwels smartvolle lyde, om ons geloof en liefde vir ons Here te openbaar.

Hierdie onverklaarbare geheim van die verborge raad van God bly vir meer as een kind van die Here ’n duistere raaisel wat eenmaal in die ewigheid opgelos sal word.

- Miskien is dit u voorreg om ’n rustige oudag te geniet voor die westerson agter die horison verdwyn.
- Moontlik word u ook omgord deur omstandighede, siekte, leed of smart.

In alle geval, u Hemelse Vader beskik in sy groot voorsienigheid oor al u lotgevalle. Hy het u lief en weet die heel beste wat nodig en nuttig en goed is. Hy kan nooit ’n fout maak nie. En as Hy in sy groot liefde die onsekere toekoms verberg, dank Hom daarvoor:

- as Hy in liefde op u oudag beproewing en lyde stuur;
- as Hy toelaat dat u gegord en gebring word waar u nie graag wil wees nie …

… vertrou Hom daarin en volg Hom blymoedig en tevrede. Hou aan Hom vas op hierdie onverklaarbare weg. Sy krag en genade sal ook dan vir u genoeg wees.

*Sing: Psalm 18:1*

*Ds. Kobus Venter (Vryburg)*